REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# STAATSKOERANT

# GOVERNMENT GAZETTE

## OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

VOL. 354 — KAAPSTAD, 2 DESEMBER 1994 / CAPE TOWN, 2 DECEMBER 1994 — No. 16122

KANTOOR VAN DIE PRESIDENT

No. 2074. 2 Desember 1994

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet, wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:

No. 26 van 1994: Bankwysigingswet, 1994.

OFFICE OF THE PRESIDENT

No. 2074. 2 December 1994

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:

No. 26 of 1994: Banks Amendment Act, 1994.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Tot wysiging van die Bankwet, 1990, ten einde sekere uitdrukkings te omskryf of nader te omskryf; 'n sanksie in te stel vir 'n weiering of versuim deur 'n aspirant-direkteur of -uitvoerende beampte van 'n bank of beherende maatskappy om op versoek van die Registrateur van Banke 'n vraelys te voltooi; 'n verouderde uitdrukking te vervang; die bevoegdhede van genoemde Registrateur uit te brei om, met die oog op die bewerkstelliging van doelmatige toesighouding, samesprekinge te voer met die uitvoerende bestuur van banke en hul geassosieerdes; die begrippe van voorlopige en finale registrasie as 'n bank deur die enkele begrip van registrasie as 'n bank te vervang; voorsiening te maak vir die uitoefening deur buitelandse instellings van die bedryf van 'n bank in die Republiek deur middel van 'n tak; die prosedure vir die opening deur 'n buitelandse instelling van 'n verteenwoordigende kantoor in die Republiek verder te reël; ander en bykomende voorsiening te maak met betrekking tot die betaling van jaarlikse lisensiegelde ten opsigte van bankbesigheid; 'n veelvuldigheid van bepalings met betrekking tot die verkryging van aandele in banke en beherende maatskappye, uit te skakel; die oordrag deur 'n bank van die geheel of enige gedeelte van sy bedryf verder te reël; die kategorieë werknemers van banke en hul geassosieerdes wat van die bekleding van die amp van 'n direkteur van so 'n bank uitgesluit is, uit te brei; 'n sanksie in te stel vir 'n versuim om die Registrateur van Banke te voorsien van die voorgeskrewe inligting aangaande beoogde aanstellings van nuwe direkteure in die raad van direkteure van banke en beherende maatskappye; meer spesifieke riglyne te verskaf aangaande aangeleenthede wat deur die ouditeur van 'n bank aan genoemde Registrateur gerapporteer moet word; die kategorieë werknemers van banke en hul geassosieerdes wat van diens in die ouditkomitee van 'n bank uitgesluit is, uit te brei; voorsiening te maak vir die aanstelling van sekere kundige persone om bystand te verleen by die geregtelike bestuur of likwidasie van banke; die gevolge van die opskorting, intrekking of beëindiging van die registrasie van 'n bank terwyl sodanige bank in die proses van likwidasie, onder geregtelike bestuur of onder kuratele is, te reël; voorsiening te maak vir die aanstelling van 'n kommissaris om die sake te ondersoek van 'n bank wat onder kuratele is of van sy geassosieerdes; die minimum aandelekapitaal en onaangetaste reserwefondse wat 'n bank verplig is om in stand te hou te verhoog en die uitvaardiging van regulasies met betrekking daartoe verder te reël; verdere voorsiening te maak met betrekking tot groot blootstellings deur banke; die verstrekking deur banke van opgawes aan die Registrateur van Banke verder te reël; die uitvaardiging van regulasies met betrekking tot die beperking op banke se beleggings in onroerende goed en aandele en op die toestaan deur banke van lenings en voorskotte aan sekere filiale te magtig; die rol van banke as agente by die bewerkstelliging van geldleningstransaksies verder te reël; 'n sekere tekstuele verandering aan te bring; enige differensiëring in die stemregte verbonde aan die gewone aandele van 'n bank of 'n beherende maatskappy te verbied; sekere strafregtelike aangeleenthede verder te reël; en**

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

_____ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To amend the Banks Act, 1990, so as to define or further define certain expressions; to create a sanction for a refusal or failure by an aspirant director or executive officer of a bank or controlling company to complete a questionnaire at the request of the Registrar of Banks; to replace an obsolete expression; to extend the powers of the said Registrar to hold discussions, with a view to achieving effective supervision, with the executive management of banks and their associates; to substitute for the concepts of provisional and final registration as a bank the single concept of registration as a bank; to provide for the conduct by foreign institutions of the business of a bank in the Republic by means of a branch; to further regulate the procedure for the establishment by a foreign institution of a representative office in the Republic; to make other and additional provision with regard to the payment of annual licence fees in respect of banking business; to rationalize a multiplicity of provisions governing the acquisition of shares in banks and controlling companies; to further regulate the transfer by a bank of the whole or any part of its business; to extend the categories of employees of banks and their associates who shall be debarred from holding the office of a director of such a bank; to create a sanction for a failure to furnish the Registrar of Banks with the prescribed information regarding proposed appointments of new directors to the board of directors of banks and controlling companies; to provide more specific guidelines regarding matters to be reported to the said Registrar by the auditor of a bank; to extend the categories of employees of banks and their associates who shall be debarred from serving on a bank's audit committee; to provide for the appointment of certain knowledgeable persons to assist in the judicial management or liquidation of banks; to regulate the effect of the suspension, cancellation or termination of the registration of a bank while such bank is being wound up, under judicial management or under curatorship; to provide for the appointment of a commissioner to investigate the affairs of a bank under curatorship or of its associates; to increase, and to further regulate the making of regulations with regard to, the minimum share capital and unimpaired reserve funds required to be maintained by a bank; to make further provision with regard to large exposures by banks; to further regulate the furnishing by banks of returns to the Registrar of Banks; to authorize the making of regulations with regard to the restriction of banks' investments in immovable property and shares and of the granting by banks of loans and advances to certain subsidiaries; to further regulate the role of banks as agents in the effecting of money-lending transactions; to effect a certain textual change; to prohibit any differentiation in the voting rights attached to the ordinary shares of a bank or a controlling**

**voorsiening te maak vir die doen van aanbevelings by die Minister van Finansies aangaande wysigings van die Bankwet, 1990, deur bemiddeling van die Beleidsraad vir Finansiële Dienste en Regulering; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 23 November 1994.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur Goewermentskennisgewing No. R.1765 van 30 Julie 1991, artikel 1 van Wet 42 van 1992 en artikels 1 en 25 van Wet 9 van 1993**

**1.** Artikel 1 van die Bankwet, 1990 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) die omskrywing van "bank" deur die volgende omskrywing te vervang:

" 'bank' 'n publieke maatskappy wat ingevolge hierdie Wet **[voorlopig of finaal]** as 'n bank geregistreer is;";

*(b)* deur in subartikel (1) paragraaf *(a)* van die omskrywing van "die bedryf van 'n bank" deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* die neem van deposito's van die algemene publiek (met inbegrip van persone in die diens van die persoon wat aldus deposito's neem) as 'n staande kenmerk van die betrokke bedryf **[en, met betrekking tot 'n bank, met inbegrip van die persone wat by hom in diens is]**;";

*(c)* deur in subartikel (1) die omskrywing van "onderlinge bouvereniging" te skrap;

*(d)* deur in subartikel (1) onmiddellik voor die omskrywing van "ongewenste praktyk" die volgende omskrywing in te voeg:

" 'onderlinge bank' 'n onderlinge bank soos omskryf in artikel 1(1) van die Wet op Onderlinge Banke, 1993 (Wet No. 124 van 1993);";

*(e)* deur in subartikel (1) die omskrywing van "uitvoerende beampte" deur die volgende omskrywing te vervang:

" 'uitvoerende beampte', met betrekking tot 'n instelling, ook 'n **[hoofbestuurder of adjunk-hoofbestuurder]** bestuurder van so 'n instelling en, met betrekking tot 'n instelling wat 'n bank is, enige werknemer wat aan die hoof staan van 'n risikobestuursfunksie van daardie bank;"; en

*(f)* deur die volgende paragraaf by subartikel (1A) te voeg:

"*(d)* Indien die Registrateur kragtens paragraaf *(c)* 'n versoek gerig het tot 'n persoon wat as 'n direkteur of 'n uitvoerende beampte van 'n bank of 'n beherende maatskappy aangestel staan te word en so 'n persoon geweier of versuim het om aan so 'n versoek te voldoen, is die bepalings van artikel 60(5)*(b)* *mutatis mutandis* van toepassing op die aanstelling van daardie persoon as so 'n direkteur of uitvoerende beampte.".

**Wysiging van artikel 2 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 9 van 1993**

**2.** Artikel 2 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (vi) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(vi) 'n onderlinge **[bouvereniging]** bank; of".

**company; to further regulate certain criminal matters; and to provide for the making of recommendations to the Minister of Finance regarding amendments to the Banks Act, 1990, through the medium of the Policy Board for Financial Services and Regulation; and to provide for matters connected therewith.**

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 23 November 1994.)*

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 94 of 1990, as amended by Government Notice No. R.1765 of 30 July 1991, section 1 of Act 42 of 1992 and sections 1 and 25 of Act 9 of 1993**

**1.** Section 1 of the Banks Act, 1990 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for the definition of "bank" of the following definition:

" 'bank' means a public company registered **[provisionally or finally]** as a bank in terms of this Act;";

*(b)* by the substitution in subsection (1) for the definition of "executive officer" of the following definition:

" 'executive officer', in relation to any institution, includes any **[general]** manager **[or deputy general manager]** of such an institution and, in relation to an institution that is a bank, any employee who is in charge of a risk management function of that bank;";

*(c)* by the deletion in subsection (1) of the definition of "mutual building society";

*(d)* by the insertion in subsection (1) immediately before the definition of "person" of the following definition:

" 'mutual bank' means a mutual bank as defined in section 1(1) of the Mutual Banks Act, 1993 (Act No. 124 of 1993);";

*(e)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the definition of "the business of a bank" of the following paragraph:

"*(a)* the acceptance of deposits from the general public (including persons in the employ of the person so accepting deposits) as a regular feature of the business in question **[including, in relation to a bank, from persons in its employ]**;"; and

*(f)* by the addition to subsection (1A) of the following paragraph:

"*(d)* If the Registrar has under paragraph *(c)* addressed a request to a person who is to be appointed as a director or an executive officer of a bank or a controlling company and such person has refused or failed to comply with such request, the provisions of section 60(5)*(b)* shall *mutatis mutandis* apply to the appointment of that person as such a director or such an executive officer.".

**Amendment of section 2 of Act 94 of 1990, as amended by section 25 of Act 9 of 1993**

**2.** Section 2 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (vi) of the following paragraph:

"(vi) any mutual **[building society]** bank; or".

**Wysiging van artikel 6 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 9 van 1993**

**3.** Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Nóg die bepalings van hierdie artikel nóg enige ander bepaling van hierdie Wet word so uitgelê dat dit die Registrateur belet om van tyd tot tyd samesprekinge te voer met die hoof- uitvoerende beampte van 'n bank, of met 'n uitvoerende beampte of werknemer **[van daardie bank]**, wat deur so 'n hoof- uitvoerende beampte aangewys is, van—

*(a)* daardie bank;

*(b)* enige filiaal of beherende maatskappy van daardie bank, of enige ander filiaal van sodanige beherende maatskappy;

*(c)* enige regspersoon wat 'n filiaal van daardie bank of van sy beherende maatskappy sou gewees het indien daardie regspersoon 'n maatskappy was;

*(d)* enige regspersoon vir die raad van direkteure waarvan of, in die geval waar sodanige regspersoon nie 'n maatskappy is nie, vir die bestuursliggaam waarvan dit gebruiklik is om ooreenkomstig die voorskrifte of opdragte van daardie bank of sy beherende maatskappy te handel; of

*(e)* enige trust wat direk of indirek deur daardie bank of sy beherende maatskappy beheer word,

met die oog op die bewerkstelliging van doelmatige toesighouding **[oor so 'n bank]** deur die Registrateur, op 'n individuele of 'n gekonsolideerde grondslag, oor daardie bank of die groep banke waarvan daardie bank 'n lid is.".

**Wysiging van artikel 9 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 42 van 1992 en artikel 4 van Wet 9 van 1993**

**4.** Artikel 9 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(b)* van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* **[een]** minstens twee van die lede wat kragtens subartikel (2)*(b)* aangestel is en deur die voorsitter aangewys word; en";

*(b)* deur paragraaf *(b)* van subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* in die geval van 'n lid bedoel in subartikel (2)*(b)*, een van die ander lede bedoel in daardie subartikel of, indien al die lede bedoel in subartikel (2)*(b)* aangewys is soos beoog in subartikel (3)*(b)*, 'n persoon wat die Minister, behoudens die bepalings van subartikel (2)*(b)*, tydelik aanstel vir die doeleindes van die aanhoor van daardie appèl; of"; en

*(c)* deur subartikel (11) deur die volgende subartikel te vervang:

"(11) Die besluit van 'n meerderheid van die lede van die appèlraad maak die beslissing van daardie raad uit: Met dien verstande dat by 'n staking van stemme die voorsitter, benewens 'n beraadslagende stem, 'n beslissende stem kan uitbring.".

**Wysiging van artikel 11 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 9 van 1993**

**5.** Artikel 11 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Behoudens die bepalings van artikel 18A mag geen persoon **[mag]** die bedryf van 'n bank uitoefen nie tensy so 'n persoon 'n publieke maatskappy is en ingevolge hierdie Wet **[voorlopig of finaal]** as 'n bank geregistreer is.".

**Amendment of section 6 of Act 94 of 1990, as amended by section 25 of Act 9 of 1993**

**3.** Section 6 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) Neither the provisions of this section nor any other provision of this Act shall be construed as prohibiting the Registrar from holding discussions, from time to time, with the chief executive officer of any bank, or with any executive officer or employee **[of that bank]**, designated by such chief executive officer, of—

*(a)* that bank;

*(b)* any subsidiary or controlling company of that bank, or any other subsidiary of such controlling company;

*(c)* any juristic person which would have been a subsidiary of that bank or of its controlling company had such juristic person been a company;

*(d)* any juristic person of which the board of directors or, in the case where such juristic person is not a company, of which the governing body is accustomed to act in accordance with the directions or instructions of that bank or its controlling company; or

*(e)* any trust controlled directly or indirectly by that bank or its controlling company,

with a view to achieving effective supervision **[of such bank]** by the Registrar, on an individual or a consolidated basis, of that bank or the group of banks of which that bank is a member.".

**Amendment of section 9 of Act 94 of 1990, as amended by section 2 of Act 42 of 1992 and section 4 of Act 9 of 1993**

**4.** Section 9 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for paragraph *(b)* of subsection (3) of the following paragraph:

"*(b)* **[one]** at least two of the members appointed under subsection (2)*(b)*, designated by the chairman; and";

*(b)* by the substitution for paragraph *(b)* of subsection (4) of the following paragraph:

"*(b)* in the case of a member referred to in subsection (2)*(b)*, one of the other members referred to in that subsection or, if all the members referred to in subsection (2)*(b)* have been designated as contemplated in subsection (3)*(b)*, a person temporarily appointed, subject to the provisions of subsection (2)*(b)*, by the Minister for the purposes of the hearing of that appeal; or"; and

*(c)* by the substitution for subsection (11) of the following subsection:

"(11) The decision of a majority of the members of the board of appeal shall be the decision of that board: Provided that in the event of an equality of votes the chairman shall have a casting vote in addition to a deliberative vote.".

**Amendment of section 11 of Act 94 of 1990, as amended by section 25 of Act 9 of 1993**

**5.** Section 11 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Subject to the provisions of section 18A, no person shall conduct the business of a bank unless such person is a public company and is **[provisionally or finally]** registered as a bank in terms of this Act.".

**Wysiging van artikel 14 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 9 van 1993**

**6.** Artikel 14 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* vorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Die Registrateur kan te eniger tyd voor die **[voorlopige]** registrasie, ingevolge artikel 17, van 'n bank die magtiging toegestaan tot oprigting van so 'n bank, intrek indien die Registrateur daarvan oortuig is dat—".

**Wysiging van artikel 15 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 9 van 1993**

**7.** Artikel 15 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die Registrateur verleen die goedkeuring bedoel in subartikel (1) slegs indien hy van oordeel is dat die betrokke maatskappy waarskynlik, in ag genome die bepalings van artikel 17, **[voorlopig]** as 'n bank ingevolge hierdie Wet geregistreer sal kan word.".

**Vervanging van artikel 16 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 9 van 1993**

**8.** Artikel 16 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**"Aansoek om registrasie as bank**

**16.** (1) 'n Aansoeker aan wie die Registrateur kragtens artikel 13 magtiging tot oprigting van 'n bank verleen het (hieronder in hierdie Hoofstuk die instelling genoem), kan te eniger tyd gedurende die tydperk van 12 maande wat op die datum van die verlening van daardie magtiging 'n aanvang neem, by die Registrateur aansoek doen om die **[voorlopige]** registrasie van die instelling as 'n bank, mits sodanige magtiging nie ingevolge artikel 14(1) ingetrek is nie.

(2) 'n Aansoek kragtens subartikel (1) moet—

*(a)* gedoen word op die voorgeskrewe wyse en op die voorgeskrewe vorm; en

*(b)* vergesel gaan van—

(i) twee afskrifte van elk van die instelling se akte van oprigting en statute;

(ii) 'n geskrewe verklaring waarin uiteengesit word—

*(aa)* die volledige en die verkorte naam van die instelling sowel as die letterlike vertalings daarvan;

*(bb)* die adres van die instelling se hoofkantoor sowel as sy posadres;

*(cc)* volle besonderhede van die bedryf wat die aansoeker volgens voorneme sal uitoefen en van die wyse waarop hy volgens voorneme daardie bedryf sal uitoefen; en

*(dd)* die volle name en die adresse van die voorsitter, die ander direkteure en die uitvoerende beamptes van die instelling; en

(iii) 'n lys van aandeelhouers in die instelling, soos op die datum van die aansoek, wat opgestel is ooreenkomstig die vereistes waaraan 'n opgawe bedoel in artikel 59 moet voldoen.

(3) Die Registrateur kan van 'n aansoeker beoog in subartikel (1) vereis om die inligting of stukke wat die Registrateur nodig ag, aan hom te verstrek, benewens inligting en stukke ingevolge subartikel (2) deur die aansoeker verstrek.

(4) Die aansoek en elke stuk wat ingevolge subartikel (2) of (3) ingelewer word, moet deur die voorsitter of die hoof- uitvoerende beampte van die instelling onderteken word.".

**Amendment of section 14 of Act 94 of 1990, as amended by section 25 of Act 9 of 1993**

**6.** Section 14 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"The Registrar may at any time prior to the **[provisional]** registration, in terms of section 17, of a bank, revoke the authorization granted for the establishment of such a bank if the Registrar is satisfied that—".

**Amendment of section 15 of Act 94 of 1990, as amended by section 25 of Act 9 of 1993**

**7.** Section 15 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The Registrar shall grant the approval referred to in subsection (1) only if he is of the opinion that the company concerned will probably, having regard to the provisions of section 17, be eligible for **[provisional]** registration as a bank in terms of this Act.".

**Substitution of section 16 of Act 94 of 1990, as amended by section 25 of Act 9 of 1993**

**8.** The following section is hereby substituted for section 16 of the principal Act:

**"Application for registration as bank**

**16.** (1) An applicant to whom the Registrar has under section 13 granted authorization for the establishment of a bank (hereinafter in this Chapter referred to as the institution) may at any time during the period of 12 months commencing on the date of the granting of the said authorization apply to the Registrar for the **[provisional]** registration of the institution as a bank, provided such authorization has not been revoked in terms of section 14(1).

(2) An application under subsection (1) shall—

*(a)* be made in the prescribed manner and on the prescribed form; and

*(b)* be accompanied by —

(i) two copies each of the institution's memorandum of association and articles of association;

(ii) a written statement in which is set out —

*(aa)* the full and the abbreviated name of the institution as well as the literal translations thereof;

*(bb)* the address of the institution's head office as well as its postal address;

*(cc)* full particulars of the business the applicant proposes to conduct and of the manner in which it proposes to conduct such business; and

*(dd)* the full names and the addresses of the chairman, the other directors and the executive officers of the institution; and

(iii) a list of shareholders in the institution, as at the date of the application, drawn up in accordance with the requirements with which a return referred to in section 59 has to comply.

(3) The Registrar may require an applicant contemplated in subsection (1) to furnish him with such information or documents, in addition to information and documents furnished by the applicant in terms of subsection (2), as the Registrar may deem necessary.

(4) The application and every document lodged in terms of subsection (2) or (3) shall be signed by the chairman or the chief executive officer of the institution.".

**Vervanging van artikel 17 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 9 van 1993**

**9.** Artikel 17 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Toestaan of weiering van aansoek om registrasie**

**17.** (1) Die Registrateur moet, behoudens die bepalings van subartikel (2), na oorweging van alle inligting en stukke wat ingevolge artikel 16 vir die doeleindes van 'n aansoek kragtens daardie artikel aan hom verstrek is, daardie aansoek goedkeur indien hy daarvan oortuig is—

*(a)* dat die bedryf wat die aansoeker volgens voorneme sal uitoefen, dié van 'n bank is;

*(b)* dat die aansoeker nie beoog om ongewenste besigheidsmetodes toe te pas nie; en

*(c)* dat die akte van oprigting en statute van die instelling met hierdie Wet versoenbaar is en nie om enige rede ongewens is nie.

(2) Ondanks die bepalings van subartikel (1) kan die Registrateur 'n aansoek om die **[voorlopige]** registrasie van 'n instelling as 'n bank weier indien hy van oordeel is—

*(a)* dat daar nie langer deur of ten opsigte van die betrokke instelling aan die een of ander van die vereistes vermeld in artikel 13(2) voldoen word nie;

*(b)* dat die betrokke instelling, wanneer hy **[voorlopig of finaal]** as 'n bank geregistreer is, waarskynlik nie daartoe in staat sal wees om aan 'n bepaling van hierdie Wet te voldoen nie, of waarskynlik 'n praktyk wat in stryd met 'n bepaling van hierdie Wet is, sal navolg;

*(c)* dat 'n belang wat enige persoon in die betrokke instelling het, onversoenbaar met 'n bepaling van hierdie Wet is;

*(d)* dat die belange van potensiële deposante by die betrokke instelling nadelig geraak sal word deur die wyse waarop die instelling volgens voorneme sy bedryf sal uitoefen, of om enige ander rede;

*(e)* dat die naam van die betrokke instelling—

(i) dieselfde is as 'n naam waaronder 'n bestaande bank of 'n onderlinge **[bouvereniging]** <u>bank</u> reeds **[voorlopig of finaal]** geregistreer is;

(ii) soveel met die naam van 'n bestaande bank of 'n onderlinge **[bouvereniging]** <u>bank</u> ooreenstem dat die een waarskynlik met die ander verwar sal word;

(iii) dieselfde is as, of baie ooreenstem met, die naam waaronder 'n bank of enige ander instelling wat geregistreer was kragtens 'n wet wat deur hierdie Wet herroep is, of 'n onderlinge **[bouvereniging]** <u>bank</u>, voorheen geregistreer was en dat daar 'n redelike grond vir beswaar teen die gebruik van daardie naam deur die betrokke instelling bestaan; of

(iv) waarskynlik die publiek sal mislei; of

*(f)* dat die aansoek nie aan 'n voorskrif van hierdie Wet voldoen nie.

(3) Wanneer die Registrateur ingevolge hierdie artikel 'n aansoek om **[voorlopige]** registrasie toestaan of weier, moet hy die betrokke aansoeker skriftelik daarvan in kennis stel.

(4) Indien die Registrateur ingevolge hierdie artikel 'n aansoek om **[voorlopige]** registrasie toestaan, moet hy, behoudens die bepalings van artikel 18, en teen betaling deur die aansoeker van die voorgeskrewe registrasiegelde, die betrokke instelling **[voorlopig]** as 'n bank registreer en op die voorgeskrewe vorm aan die instelling 'n sertifikaat van **[voorlopige]** registrasie as 'n bank uitreik.

(5) 'n Instelling wat vir die eerste maal as 'n bank **[voorlopig]** geregistreer word, mag nie begin om die bedryf van 'n bank uit te oefen nie alvorens hy aan die Registrateur bewys voorgelê het dat hy aan die bepalings van artikel 70 voldoen.

(6) 'n Instelling wat die bepalings van subartikel (5) oortree, is aan 'n misdryf skuldig.".

**Substitution of section 17 of Act 94 of 1990, as amended by section 25 of Act 9 of 1993**

**9.** The following section is hereby substituted for section 17 of the principal Act:

**"Granting or refusal of application for registration**

**17.** (1) Subject to the provisions of subsection (2), the Registrar shall, after considering all information and documents furnished to him in terms of section 16 for the purposes of an application under that section, grant such application if he is satisfied—

*(a)* that the business the applicant proposes to conduct is that of a bank;

*(b)* that the applicant does not propose to adopt undesirable methods of conducting business; and

*(c)* that the memorandum of association and articles of association of the institution are consistent with this Act and are not undesirable for any reason.

(2) Notwithstanding the provisions of subsection (1), the Registrar may refuse an application for the **[provisional]** registration of an institution as a bank if he is of the opinion—

*(a)* that any of the requirements specified in section 13(2) is no longer complied with by or in respect of the institution concerned;

*(b)* that the institution concerned, when **[provisionally or finally]** registered as a bank, will probably not be able to comply with a provision of this Act, or is likely to pursue a practice contrary to a provision of this Act;

*(c)* that an interest which any person has in the institution concerned is inconsistent with a provision of this Act;

*(d)* that the interests of potential depositors with the institution concerned will be detrimentally affected by the manner in which the institution proposes to conduct its business, or for any other reason;

*(e)* that the name of the institution concerned—

(i) is identical with a name under which an existing bank or a mutual **[building society]** <u>bank</u> has already been **[provisionally or finally]** registered;

(ii) so closely resembles the name of an existing bank or mutual **[building society]** <u>bank</u> that the one is likely to be mistaken for the other;

(iii) is identical with, or closely resembles, the name under which any bank or any other institution which was registered under any law repealed by this Act, or any mutual **[building society]** <u>bank</u>, was previously registered and that reasonable ground for objection against the use of that name by the institution concerned exists; or

(iv) is likely to mislead the public; or

*(f)* that the application does not comply with a requirement of this Act.

(3) When the Registrar in terms of this section grants or refuses an application for **[provisional]** registration, he shall give written notice of that fact to the applicant concerned.

(4) If the Registrar in terms of this section grants an application for **[provisional]** registration he shall, subject to the provisions of section 18, and on payment by the applicant of the prescribed registration fee, **[provisionally]** register the institution concerned as a bank and issue to the institution, on the prescribed form, a certificate of **[provisional]** registration as a bank.

(5) An institution which is for the first time **[provisionally]** registered as a bank shall not commence doing the business of a bank until it has furnished proof to the Registrar that it complies with the provisions of section 70.

(6) An institution which contravenes the provisions of subsection (5) shall be guilty of an offence.".

**Vervanging van artikel 18 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 9 van 1993**

**10.** Artikel 18 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**"Voorwaardes van registrasie**

**18.** (1) Die **[voorlopige]** registrasie kragtens artikel 17 van 'n instelling as 'n bank **[geld vir 'n tydperk van 12 maande en]** is onderworpe aan die voorgeskrewe voorwaardes en die verdere voorwaardes, as daar is, wat die Registrateur bepaal.

**[(2) Die Registrateur kan na goeddunke en onderworpe aan dieselfde of enige ander of verdere voorwaardes so 'n voorlopige registrasie voor die verstryking daarvan van tyd tot tyd hernu vir tydperke van hoogstens 12 maande op 'n keer: Met dien verstande dat—**

***(a)* geen bank vir 'n totale tydperk van langer as vyf jaar voorlopig geregistreer mag bly nie; en**

***(b)* sonder om afbreuk te doen aan die diskresie van die Registrateur ingevolge hierdie subartikel om die hernuwing van so 'n voorlopige registrasie toe te staan of te weier, die Registrateur die feit dat die betrokke instelling nie gedurende die tydperk van ses maande wat verstryk op die laaste dag van die tydperk van 12 maande bedoel in subartikel (1), enige sake as 'n bank gedoen het nie, as 'n afdoende grond kan aanvaar vir die weiering van sodanige hernuwing.**

**(3)]** (2) Benewens enige ander voorwaarde wat die Registrateur kragtens subartikel (1) **[of (2)]** kan oplê, kan hy 'n voorwaarde oplê wat die betrokke instelling verplig om binne 'n bepaalde tydperk die nodige stappe ingevolge die Maatskappywet te doen om sy akte van oprigting of statute ooreenkomstig die voorskrifte van die Registrateur te wysig.

**[(4)** ***(a)*** **'n Appèl ingevolge artikel 9 deur 'n bank teen die Registrateur se weiering om sy voorlopige registrasie te hernu of weer te hernu, moet, ondanks die bepalings van artikel 9, aangeteken word voordat sodanige voorlopige registrasie of hernude voorlopige registrasie verstryk.**

***(b)*** **Indien die voorlopige registrasie of hernude voorlopige registrasie verstryk terwyl 'n appèl bedoel in paragraaf *(a)* oorweeg word, word sodanige voorlopige registrasie of hernude voorlopige registrasie, na gelang van die geval, geag hernu of weer hernu te wees totdat die appellant van die appèlraad se beslissing oor die appèl verwittig word.]**".

**Invoeging van artikels 18A en 18B in Wet 94 van 1990**

**11.** Die volgende artikels word hierby in die Hoofwet na artikel 18 ingevoeg:

**"Takke van buitelandse instellings**

**18A.** (1) 'n Instelling wat in 'n ander land as die Republiek opgerig is en wat wettig in daardie ander land 'n bedryf soortgelyk aan die bedryf van 'n bank uitoefen (hieronder in hierdie artikel die buitelandse instelling genoem), kan, ondanks die bepalings van artikel 11(1), met die voorafverkreë skriftelike magtiging van die Registrateur en onderworpe aan die voorgeskrewe voorwaardes en aan die verdere voorwaardes, as daar is, wat die Registrateur bepaal, die bedryf van 'n bank uitoefen deur middel van 'n tak in die Republiek.

(2) Ten einde die magtiging van die Registrateur, beoog in subartikel (1), te verkry, moet die betrokke buitelandse instelling op die voorgeskrewe wyse en vorm by die Registrateur 'n skriftelike aansoek indien wat moet vergesel gaan van—

*(a)* 'n skriftelike verklaring wat die voorgeskrewe inligting bevat; en

*(b)* die voorgeskrewe gelde.

**Substitution of section 18 of Act 94 of 1990, as amended by section 25 of Act 9 of 1993**

**10.** The following section is hereby substituted for section 18 of the principal Act:

**"Conditions of registration**

**18.** (1) The **[provisional]** registration under section 17 of an institution as a bank shall be **[for a period of 12 months and shall be]** subject to the prescribed conditions and to such further conditions, if any, as the Registrar may determine.

**[(2) The Registrar may in his discretion and subject to the same or any other or further conditions, from time to time before its expiration renew such provisional registration for periods not exceeding 12 months at a time: Provided that—**

***(a)*** **no bank shall remain provisionally registered as such for an aggregate period exceeding five years; and**

***(b)*** **without derogating from the Registrar's discretion in terms of this subsection to grant or refuse the renewal of such provisional registration, the Registrar may accept the fact that the institution concerned has not, during the period of six months expiring on the last day of the period of 12 months referred to in subsection (1), conducted any business as a bank, as a conclusive ground for the refusal of such a renewal.**

**(3)]**(2) In addition to any other condition which the Registrar may impose under subsection (1) **[or (2)]** he may impose a condition requiring the institution concerned to take within a specified period such steps in terms of the Companies Act as may be necessary to alter its memorandum of association or articles of association in accordance with the requirements of the Registrar.

**[(4)** ***(a)*** **An appeal in terms of section 9 by a bank against the Registrar's refusal to renew or further renew its provisional registration shall, notwithstanding the provisions of section 9, be lodged before such provisional registration or renewed provisional registration expires.**

***(b)*** **If the provisional registration or renewed provisional registration expires while an appeal referred to in paragraph *(a)* is being considered, such provisional registration or renewed provisional registration, as the case may be, shall be deemed to have been renewed or further renewed until the appellant is notified of the board of appeal's decision on the appeal.]**".

**Insertion of sections 18A and 18B in Act 94 of 1990**

**11.** The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 18:

**"Branches of foreign institutions**

**18A.** (1) An institution which has been established in a country other than the Republic and which lawfully conducts in such other country a business similar to the business of a bank (hereinafter in this section referred to as the foreign institution) may, notwithstanding the provisions of section 11(1), with the prior written authorization of the Registrar and subject to the prescribed conditions and to such further conditions, if any, as the Registrar may determine, conduct the business of a bank by means of a branch in the Republic.

(2) To obtain the authorization of the Registrar as contemplated in subsection (1), the foreign institution concerned shall in the prescribed manner and on the prescribed form lodge with the Registrar a written application which shall be accompanied by—

*(a)* a written statement containing the prescribed information; and

*(b)* the prescribed fee.

(3) Die Registrateur kan van die buitelandse instelling wat ingevolge subartikel (2) aansoek doen, vereis om hom te voorsien van—

*(a)* die inligting of stukke, benewens inligting en stukke wat ingevolge subartikel (2) deur die buitelandse instelling verstrek is; of
*(b)* die verdere inligting aangaande die aard en omvang van toesighouding wat deur die verantwoordelike toesighoudende gesag van die land waarin die buitelandse instelling gesetel is, uitgeoefen word of staan te word ten opsigte van—
  (i) die beoogde tak in die Republiek;
  (ii) die buitelandse instelling self; of
  (iii) enige groep instellings waarvan die buitelandse instelling 'n deel uitmaak,

wat die Registrateur nodig ag.

(4) Wanneer die Registrateur 'n aansoek ingevolge subartikel (2) om magtiging vir die uitoefening van die bedryf van 'n bank deur middel van 'n tak in die Republiek toestaan of weier, moet hy die betrokke aansoeker skriftelik daarvan in kennis stel.

(5) Die Registrateur staan nie 'n aansoek ingevolge subartikel (2) toe nie, tensy hy oortuig is dat behoorlike toesighouding soos beoog in subartikel (3)*(b)* deur die verantwoordelike toesighoudende gesag van die land waarin die buitelandse instelling gesetel is, uitgeoefen word of sal word.

(6) Indien die Registrateur 'n aansoek bedoel in subartikel (4) toestaan, moet hy op die voorgeskrewe vorm aan die betrokke buitelandse instelling 'n sertifikaat van magtiging vir die uitoefening van die bedryf van 'n bank deur middel van 'n tak in die Republiek uitreik.

(7) 'n Buitelandse instelling wat die bedryf van 'n bank deur middel van 'n tak in die Republiek uitoefen sonder dat dit die Registrateur se skriftelike magtiging, bedoel in subartikel (1), verkry het, is aan 'n misdryf skuldig.

**Intrekking of opskorting van magtiging deur Registrateur en kennisgewing deur Registrateur van voorneme om magtiging in te trek of op te skort**

**18B.** (1) Die Registrateur kan, behoudens die bepalings van subartikels (2) en (3), in die geval van 'n buitelandse instelling wat kragtens 'n magtiging bedoel in artikel 18A die bedryf van 'n bank uitoefen deur middel van 'n tak in die Republiek, met die instemming van die Minister en by skriftelike kennisgewing aan die betrokke buitelandse instelling sodanige magtiging intrek of onderworpe aan die voorwaardes wat die Registrateur goedvind, opskort indien die betrokke buitelandse instelling versuim het om te voldoen aan 'n voorgeskrewe voorwaarde of 'n verdere voorwaarde, beoog in artikel 18A(1), waaraan sy magtiging onderworpe is.

(2) Die Registrateur moet, voordat hy kragtens subartikel (1) die magtiging van 'n buitelandse instelling bedoel in subartikel (1) intrek of opskort, in 'n skriftelike kennisgewing gerig aan die betrokke buitelandse instelling—

*(a)* die buitelandse instelling in kennis stel van sy voorneme om sodanige magtiging in te trek of op te skort, na gelang van die geval;
*(b)* aan die buitelandse instelling die redes verstrek vir die voorgenome intrekking of opskorting; en
*(c)* die buitelandse instelling aansê om binne 'n tydperk in die kennisgewing vermeld, wat nie minder as 30 dae vanaf die datum van die kennisgewing mag wees nie, redes aan te voer waarom sy magtiging nie aldus ingetrek of opgeskort behoort te word nie.

(3) Na oorweging van enige vertoë uit hoofde van die bepalings van subartikel (2)*(c)* van die betrokke buitelandse instelling binne die vermelde tydperk ontvang, kan die Registrateur na goeddunke—

*(a)* voortgaan met die intrekking of opskorting ingevolge subartikel (1) van die magtiging; of

(3) The Registrar may require the foreign institution applying in terms of subsection (2) to furnish him with—

*(a)* such information or documents, in addition to information and documents furnished by the foreign institution in terms of subsection (2); or

*(b)* such further information with regard to the nature and extent of supervision exercised or to be exercised by the responsible supervisory authority of the foreign institution's country of domicile in respect of—

(i) the proposed branch in the Republic;

(ii) the foreign institution itself; or

(iii) any group of institutions of which the foreign institution may form a part,

as the Registrar may deem necessary.

(4) When the Registrar grants or refuses an application in terms of subsection (2) for authorization to conduct the business of a bank by means of a branch in the Republic, he shall give written notice of that fact to the applicant concerned.

(5) The Registrar shall not grant an application in terms of subsection (2) unless he is satisfied that proper supervision as contemplated in subsection (3)*(b)* is or will be exercised by the responsible supervisory authority of the foreign institution's country of domicile.

(6) If the Registrar grants an application referred to in subsection (4) he shall on the prescribed form issue to the foreign institution concerned a certificate of authorization to conduct the business of a bank by means of a branch in the Republic.

(7) Any foreign institution that conducts the business of a bank by means of a branch in the Republic without having obtained the Registrar's written authorization referred to in subsection (1) shall be guilty of an offence.

**Cancellation or suspension of authorization by Registrar and notice by Registrar of intention to cancel or suspend authorization**

**18B.** (1) The Registrar may, subject to the provisions of subsections (2) and (3), in the case of a foreign institution that, under an authorization referred to in section 18A, conducts the business of a bank by means of a branch in the Republic, with the consent of the Minister and by notice in writing to the foreign institution concerned cancel, or suspend on such conditions as the Registrar may deem fit, such authorization if the foreign institution concerned has failed to comply with a prescribed condition or a further condition, contemplated in section 18A(1), to which its authorization is subject.

(2) The Registrar shall, before cancelling or suspending under subsection (1) the authorization of a foreign institution referred to in subsection (1), in a written notice addressed to the foreign institution concerned—

*(a)* inform the foreign institution of his intention to cancel or suspend, as the case may be, such authorization;

*(b)* furnish the foreign institution with the reasons for the intended cancellation or suspension; and

*(c)* call upon the foreign institution to show cause within a period specified in the notice, which shall not be less than 30 days as from the date of the notice, why its authorization should not be so cancelled or suspended.

(3) After considering any representations received within the specified period from the foreign institution concerned by virtue of the provisions of subsection (2)*(c)*, the Registrar may in his discretion—

*(a)* proceed with the cancellation or suspension in terms of subsection (1) of the authorization; or

(*b*) geen verdere stappe ingevolge subartikel (1) doen nie,
en die Registrateur moet die betrokke buitelandse instelling skriftelik van sy besluit ingevolge hierdie subartikel in kennis stel.".

**Herroeping van artikel 19 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 9 van 1993**

**12.** Artikel 19 van die Hoofwet word hierby herroep.

**Herroeping van artikel 20 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 9 van 1993**

**13.** Artikel 20 van die Hoofwet word hierby herroep.

**Wysiging van artikel 21 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 9 van 1993**

**14.** Artikel 21 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur die woord "of" aan die einde van paragraaf (*a*) in te voeg;

(*b*) deur paragraaf (*b*) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(*b*) 'n aansoek om **[voorlopige of finale]** registrasie as 'n bank, **[of]**"; en

(*c*) deur paragraaf (*c*) te skrap.

**Wysiging van artikel 22 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikels 7 en 25 van Wet 9 van 1993**

**15.** Artikel 22 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) mag 'n instelling wat **[voorlopig of finaal]** as 'n bank geregistreer is, nie 'n ander naam gebruik of op homself toepas nie as die naam waaronder hy aldus geregistreer is of 'n letterlike vertaling of 'n verkorting daarvan wat deur die Registrateur goedgekeur is.";

(*b*) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) Iemand wat in verband met enige bedryf wat deur hom uitgeoefen word—

(*a*) enige naam, beskrywing of teken gebruik of op homself toepas wat aandui, of daarop gemik is om persone te laat aflei, dat hy 'n bank is wat **[voorlopig of finaal]** kragtens hierdie Wet as sodanig geregistreer is; of

(*b*) op enige ander manier homself voordoen as 'n bank wat **[voorlopig of finaal]** kragtens hierdie Wet as sodanig geregistreer is,

terwyl hy nie aldus as 'n bank geregistreer is nie, is aan 'n misdryf skuldig.";

(*c*) deur paragraaf (*a*) van subartikel (5) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(*a*) die betrokke sakeonderneming 'n bank is of kragtens artikel 18A gemagtig is om die bedryf van 'n bank uit te oefen deur middel van 'n tak in die Republiek; of";

(*d*) deur paragraaf (*b*) van subartikel (6) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(*b*) wie se aansoek om **[voorlopige]** registrasie as 'n bank kragtens artikel 17 deur die Registrateur toegestaan is en wat nie ooreenkomstig paragraaf (*a*) van hierdie subartikel opgerig is onder 'n naam wat reeds die woord 'bank' of die woorde 'depositonemende instelling' of 'bouvereniging' of 'n daarvan afgeleide woord insluit nie, voor sy **[voorlopige]** registrasie die nodige stappe ooreenkomstig die Maatskappywet doen om genoemde woord, woorde of afgeleide woord by sy naam in te sluit."; en

(*e*) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

"(7) Die Registrateur kan 'n maatskappy bedoel in subartikel (6) wie se naam die woord 'bank' of die woorde 'depositonemende instelling' of 'bouvereniging' of 'n daarvan afgeleide woord insluit, skriftelik gelas om daardie woord, woorde of afgeleide woord uit sy naam te verwyder—

"*(a)* van 'n amalgamasie van twee of meer banke, word die registrasie van die individuele banke wat partye by die amalgamasie was, geag gerojeer te wees en moet die Registrateur daardie registrasie intrek en teen betaling van die voorgeskrewe registrasiegeld deur die bank wat deur die amalgamasie tot stand gebring is, en behoudens die bepalings, *mutatis mutandis*, van **[subartikel (7)]** artikel 18 daardie bank as 'n bank registreer; of";

*(d)* deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

"(7) **['n Registrasie]** By die registrasie van 'n bank deur die Registrateur ingevolge subartikel (6) moet hy 'n registrasiesertifikaat aan die betrokke bank uitreik **[—**

**(a) in die geval waar al die partye by die betrokke amalgamasie op daardie tydstip finaal as banke geregistreer was, 'n finale registrasie as 'n bank wees;**

**(b) in die geval waar al die partye by die betrokke amalgamasie op daardie tydstip voorlopig as banke geregistreer was, 'n voorlopige registrasie as 'n bank wees; of**

**(c) in die geval waar sommige van die partye by die amalgamasie op daardie tydstip finaal en ander voorlopig as banke geregistreer was, 'n finale of 'n voorlopige registrasie, na goeddunke van die Registrateur, wees,**

**en die Registrateur moet by sodanige registrasie die toepaslike sertifikaat van registrasie aan die betrokke bank uitreik]**.";

*(e)* deur subartikels (8) en (9) deur onderskeidelik die volgende subartikels te vervang:

"(8) Die Registrateur van Maatskappye, elke Meester van die Hooggeregshof en elke beampte wat aan die hoof staan van 'n registrasiekantoor van aktes of enige ander kantoor waarin—

*(a)* geregistreer is 'n titelbewys van goed wat behoort aan, of 'n verbandakte of ander reg ten gunste van, of 'n aanstelling van of deur; of

*(b)* 'n lisensie uitgereik is aan of ten gunste van,

'n bank wat met 'n ander bank geamalgameer het, **[of]** 'n bank wat al sy bates en laste aan 'n ander bank of persoon oorgedra het of 'n bank wat 'n gedeelte van sy bates en laste oorgedra het aan 'n volfiliaal van die oordraggewende bank se beherende maatskappy, moet, indien hy daarvan oortuig is—

(i) dat die Minister ingevolge subartikel (1) tot die amalgamasie of oordrag toegestem het; en

(ii) dat bedoelde amalgamasie of oordrag behoorlik geskied het,

en by voorlegging aan hom van 'n tersaaklike akte, verbandakte, sertifikaat, aanstellingsbrief, lisensie of ander stuk, die endossemente daarop aanbring en die veranderings in sy registers aanbring wat nodig is om die oordrag daarvan en van enige regte daarkragtens aan die geamalgameerde bank of, na gelang van die geval, aan die bank of persoon of genoemde volfiliaal wat bedoelde bates en laste aldus oorgeneem het, te boekstaaf.

(9) Die bepalings van hierdie artikel raak nie die regte nie van 'n skuldeiser van 'n bank wat met 'n ander bank geamalgameer het of al sy bates en laste aan 'n ander bank of persoon oorgedra het of al die bates en laste van 'n ander bank oorgeneem het, behalwe vir sover in hierdie artikel bepaal."; en

*(f)* deur paragraaf (i) van subartikel (11) te skrap.

**Vervanging van artikel 58 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 9 van 1993**

**37.** Artikel 58 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**"Inligting aangaande direkteure en beamptes**

**58. ['n Bank]** Elke bank **[moet binne 30 dae na sy voorlopige registrasie as sodanig]** en **['n]** elke beherende maatskappy moet binne

"*(a)* of any amalgamation of two or more banks, the registration of the individual banks which were parties to the amalgamation shall be deemed to be cancelled and the Registrar shall withdraw those registrations and, on payment by the bank created by the amalgamation of the prescribed registration fee, register such bank, subject *mutatis mutandis* to the provisions of **[subsection (7)]** section 18, as a bank; or";

*(d)* by the substitution for subsection (7) of the following subsection:

"(7) **[A]** Upon registration of a bank by the Registrar in terms of subsection (6), he shall issue a certificate of registration to the bank concerned **[—**

*(a)* **in the case where all the parties to the relevant amalgamation were finally registered as banks at the time, be a final registration as a bank;**

*(b)* **in the case where all the parties to the relevant amalgamation were provisionally registered as banks at the time, be a provisional registration as a bank; or**

*(c)* **in the case where some of the parties to the amalgamation were finally registered and some were provisionally registered as banks at the time, be a final or a provisional registration as a bank, in the discretion of the Registrar,**

**and the Registrar shall upon such registration issue the applicable certificate of registration to the bank concerned]**.";

*(e)* by the substitution for subsections (8) and (9) of the following subsections, respectively:

"(8) The Registrar of Companies, every Master of the Supreme Court and every officer in charge of a deeds registry or any other office in which—

*(a)* is registered any title to property belonging to, or any bond or other right in favour of, or any appointment of or by; or

*(b)* has been issued any licence to or in favour of,

any bank which has amalgamated with any other bank, **[or]** any bank which has transferred all its assets and liabilities to any other bank or person or any bank which has transferred part of its assets and liabilities to a wholly owned subsidiary of the transferor bank's controlling company, shall, if he is satisfied—

(i) that the Minister has in terms of subsection (1) consented to the amalgamation or transfer; and

(ii) that such amalgamation or transfer has been duly effected,

and upon the production to him of any relevant deed, bond, certificate, letter of appointment, licence or other document, make such endorsements thereon and effect such alterations in his registers as may be necessary to record the transfer thereof and of any rights thereunder to the amalgamated bank or, as the case may be, to the bank or person or the said wholly owned subsidiary which has so taken over the said assets and liabilities.

(9) The provisions of this section shall not affect the rights of any creditor of a bank which has amalgamated with or transferred all its assets and liabilities to any other bank or person or taken over all the assets and liabilities of any other bank, except to the extent provided in this section."; and

*(f)* by the deletion of paragraph (i) of subsection (11).

**Substitution of section 58 of Act 94 of 1990, as amended by section 25 of Act 9 of 1993**

**37.** The following section is hereby substituted for section 58 of the principal Act:

**"Information regarding directors and officers**

**58. [A]** Every bank **[shall within 30 days of its provisional registration as such]** and **[a]** every controlling company shall within

30 dae na sy registrasie as sodanig, die Registrateur voorsien van 'n afskrif van sy register van direkteure en beamptes bedoel in artikel 215 van die Maatskappywet.".

**Wysiging van artikel 59 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikels 13 en 25 van Wet 9 van 1993**

**38.** Artikel 59 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) **['n Bank]** Elke bank **[moet binne 90 dae vanaf sy voorlopige registrasie as sodanig]** en **['n]** elke beherende maatskappy moet binne 90 dae vanaf sy registrasie as sodanig, en jaarliks daarna binne 30 dae vanaf die een-en-dertigste dag van Desember van elke jaar, 'n opgawe met betrekking tot sy aandeelhouers soos op die datum van bedoelde registrasie of soos op bedoelde een-en-dertigste dag van Desember, na gelang van die geval, aan die Registrateur verstrek."; en

*(b)* deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

"(5) By die toepassing van hierdie artikel beteken 'geassosieerde' 'n geassosieerde soos omskryf in artikel **[36(10)]** 37(7).".

**Wysiging van artikel 60 van Wet 94 van 1990, soos vervang deur artikel 1 van Wet 81 van 1991 en gewysig deur artikel 25 van Wet 9 van 1993**

**39.** Artikel 60 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(a)* van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* 'n bank werknemers van daardie bank of enige van sy filiale of van **[sy]** so 'n bank se beherende maatskappy of van enige van so 'n beherende maatskappy se filiale wees nie;"; en

*(b)* deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

"(5) *(a)* Elke bank en elke beherende maatskappy moet, ten minste **[14]** 30 dae voordat die aanstelling van 'n nuwe direkteur (hetsy vir die doel van die vul van 'n toevallige vakature of in enige ander omstandighede) op sy raad van direkteure van krag word, die **[naam en *curriculum vitae*]** voorgeskrewe inligting ten opsigte van die voorgestelde nuwe direkteur skriftelik aan die Registrateur verstrek.

*(b)* Geen aanstelling van 'n nuwe direkteur op die raad van direkteure van 'n bank of beherende maatskappy, soos beoog in paragraaf *(a)*, het regskrag by die toepassing van hierdie Wet of enige ander wet nie tensy die voorgeskrewe inligting ten opsigte van so 'n direkteur ooreenkomstig die bepalings van paragraaf *(a)* aan die Registrateur verstrek is.".

**Wysiging van artikel 63 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 42 van 1992 en artikels 15 en 25 van Wet 9 van 1993**

**40.** Artikel 63 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(a)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* moet die ouditeur bedoel in artikel 61 of 62, wanneer hy ingevolge artikel **[26(3)*(b)*]** 20(5)*(b)* van eersgenoemde Wet aan die Raad op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs afskrifte van die verslag, erkenning van ontvangs en antwoord en die ander besonderhede bedoel in daardie artikel verstrek met betrekking tot 'n onreëlmatigheid of vermeende onreëlmatigheid by die bedryf van die sake van die bank waarvoor hy as ouditeur aangestel is, ook aan die Registrateur sodanige afskrifte en besonderhede verstrek; en"; en

*(b)* deur subparagraaf (ii) van paragraaf *(b)* van subartikel (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:

30 days of its registration as such, furnish the Registrar with a copy of its register of directors and officers referred to in section 215 of the Companies Act.".

**Amendment of section 59 of Act 94 of 1990, as amended by sections 13 and 25 of Act 9 of 1993**

**38.** Section 59 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) **[A]** Every bank **[shall within 90 days of its provisional registration as such]** and **[a]** every controlling company shall within 90 days of its registration as such, and annually thereafter within 30 days of the thirty-first day of December of each year, furnish the Registrar with a return regarding its shareholders as at the date of the said registration or as on the said thirty-first day of December, as the case may be."; and

*(b)* by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) For the purposes of this section 'associate' means an associate as defined in section **[36(10)]** 37(7).".

**Amendment of section 60 of Act 94 of 1990, as substituted by section 1 of Act 81 of 1991 and amended by section 25 of Act 9 of 1993**

**39.** Section 60 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (3) of the following paragraph:

"*(a)* a bank shall be employees of that bank or of any of its subsidiaries, or of **[its]** such bank's controlling company, or of any of such controlling company's subsidiaries;"; and

*(b)* by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) *(a)* Every bank and every controlling company shall, at least **[14]** 30 days prior to the appointment of a new director (whether for the purpose of the filling of a casual vacancy or in any other circumstances) to its board of directors becoming effective, in writing furnish the Registrar with the **[name and *curriculum vitae*]** prescribed information in respect of the proposed new director.

*(b)* No appointment of a new director to the board of directors of any bank or controlling company, as contemplated in paragraph *(a)*, shall have legal force for the purpose of this Act or any other law unless the prescribed information in respect of such director has been furnished to the Registrar in accordance with the provisions of paragraph *(a)*.".

**Amendment of section 63 of Act 94 of 1990, as amended by section 7 of Act 42 of 1992 and sections 15 and 25 of Act 9 of 1993**

**40.** Section 63 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(a)* shall, whenever he furnishes, in terms of section **[26(3)*(b)*]** 20(5)*(b)* of the first-mentioned Act, the Public Accountants' and Auditors' Board with copies of the report, acknowledgement of receipt and reply and with the other particulars referred to in that section, relating to an irregularity or suspected irregularity in the conduct of the affairs of the bank for which he has been appointed as auditor, also furnish the Registrar with such copies and particulars; and"; and

*(b)* by the substitution for subparagraph (ii) of paragraph *(b)* of subsection (1) of the following subparagraph:

"(ii) wat, na die oordeel van daardie ouditeur, **[van belang vir die Registrateur mag wees met inagneming van die Registrateur se toesighoudende werksaamhede, ingevolge hierdie Wet, ten opsigte van die betrokke bank]** die vermoë van die bank om as 'n lopende saak te bly funksioneer in gevaar kan stel of die beveiliging van die fondse van die deposante van die bank kan benadeel of strydig kan wees met beginsels van gesonde bestuur (met inbegrip van risikobestuur) of neerkom op onvoldoende instandhouding van interne beheermaatreëls; en".

**Wysiging van artikel 64 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 9 van 1993**

**41.** Artikel 64 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Al die lede van die ouditkomitee kan, en die meerderheid van sodanige lede moet, persone wees wat nie werknemers van die bank of van enige van sy filiale, sy beherende maatskappy of enige filiaal van sy beherende maatskappy is nie.".

**Wysiging van artikel 68 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikels 16 en 25 van Wet 9 van 1993**

**42.** Artikel 68 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die woord "en" aan die einde van paragraaf *(a)* van subartikel (1) te skrap;

*(b)* deur die woord "en" aan die einde van paragraaf *(b)* van subartikel (1) in te voeg;

*(c)* deur die volgende paragraaf by subartikel (1) te voeg:

"*(c)* moet die Meester 'n persoon wat deur die Registrateur aangewys is en wat 'n persoon moet wees wat na die oordeel van die Registrateur wye ervaring het van, en oor kundigheid beskik aangaande die jongste ontwikkelinge in, die bankbedryf aanstel om 'n voorlopige likwidateur, voorlopige geregtelike bestuurder, likwidateur of geregtelike bestuurder bedoel in paragraaf *(b)* by te staan by die verrigting van sy werksaamhede ten opsigte van die betrokke bank.";

*(d)* deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:

"(1A) Die aanstelling van 'n persoon deur die Meester ingevolge subartikel (1)*(c)* moet geskied deur middel van 'n aanstellingsbrief gerig deur die Meester aan die persoon wat aangestel word en waarin—

*(a)* die naam van die bank ten opsigte waarvan daardie persoon aangestel word;

*(b)* voorskrifte betreffende die vergoeding van die persoon wat aangestel word; en

*(c)* die ander voorskrifte wat met die aangeleentheid in verband staan en wat die Meester of die Registrateur nodig ag,

uiteengesit word, en 'n afskrif van so 'n aanstellingsbrief moet deur die Meester aan die betrokke voorlopige likwidateur, voorlopige geregtelike bestuurder, likwidateur of geregtelike bestuurder verstrek word.";

*(e)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Gedurende die vrywillige likwidasie van 'n bank moet die likwidateur **[elke]** die opgawe of staat **[aan]** wat die Registrateur **[verstrek]** vereis en wat die betrokke bank verplig sou gewees het om aan die Registrateur ingevolge hierdie Wet te verstrek indien die bank nie in likwidasie was nie, aan die Registrateur verstrek."; en

*(f)* deur die volgende subartikel by te voeg:

"(ii) which, in the opinion of such auditor, may **[be of concern to the Registrar having regard to the Registrar's supervisory functions, in terms of this Act, in respect of the bank concerned]** endanger the bank's ability to continue as a going concern or may impair the protection of the funds of the bank's depositors or may be contrary to principles of sound management (including risk management) or amounts to inadequate maintenance of internal controls; and".

**Amendment of section 64 of Act 94 of 1990, as amended by section 25 of Act 9 of 1993**

**41.** Section 64 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) All of the members of the audit committee may be, and the majority of such members shall be, persons who are not employees of the bank nor of any of its subsidiaries, its controlling company or any subsidiary of its controlling company.".

**Amendment of section 68 of Act 94 of 1990, as amended by sections 16 and 25 of Act 9 of 1993**

**42.** Section 68 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the deletion of the word "and" at the end of paragraph *(a)* of subsection (1);

*(b)* by the insertion of the word "and" at the end of paragraph *(b)* of subsection (1);

*(c)* by the addition of the following paragraph to subsection (1):

"*(c)* the Master shall appoint a person designated by the Registrar, who shall be a person who in the opinion of the Registrar has wide experience of, and is knowledgeable about the latest developments in, the banking industry, to assist a provisional liquidator, provisional judicial manager, liquidator or judicial manager referred to in paragraph *(b)* in the performance of his functions in respect of the bank in question.";

*(d)* by the insertion of the following subsection after subsection (1):

"(1A) The appointment by the Master of a person in terms of subsection (1)*(c)* shall be by means of a letter of appointment addressed by the Master to the person appointed and in which is set out—

*(a)* the name of the bank in respect of which such person is appointed;

*(b)* directions in regard to the remuneration of the person appointed; and

*(c)* such other directions incidental to the matter as the Master or the Registrar may deem necessary,

and a copy of such letter of appointment shall be furnished by the Master to the provisional liquidator, provisional judicial manager, liquidator or judicial manager concerned.";

*(e)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) During the voluntary winding-up of any bank the liquidator shall furnish the Registrar with **[every]** such return or statement which the bank concerned would have been obliged to furnish to the Registrar in terms of this Act, were such bank not being wound up, as the Registrar may require."; and

*(f)* by the addition of the following subsection:

"(5) Ondanks andersluidende wetsbepalings raak die opskorting, intrekking of beëindiging van die registrasie van 'n bank terwyl so 'n bank uit hoofde van 'n aansoek deur die Registrateur gedoen ingevolge hierdie artikel in die proses van likwidasie of onder geregtelike bestuur is, nie—

*(a)* enige bevel uitgereik, aanstelling gedoen, voorskrif uitgereik of enigiets anders gedoen kragtens hierdie artikel of ingevolge die Maatskappywet ten opsigte van so 'n bank nie; of

*(b)* enige bevoegdheid, plig of reg wat uit hoofde van die bepalings van hierdie artikel of die bepalings van die Maatskappywet deur, onderskeidelik, die Registrateur, die Meester van die Hooggeregshof of die voorlopige likwidateur, voorlopige geregtelike bestuurder, likwidateur of geregtelike bestuurder ten opsigte van so 'n bank uitgeoefen, verrig of afgedwing moet word nie,

en die Registrateur, die Meester van die Hooggeregshof, die voorlopige likwidateur, voorlopige geregtelike bestuurder, likwidateur of geregtelike bestuurder, onderskeidelik, moet—

(i) in die geval van sodanige likwidasie, totdat die sake van die publieke maatskappy waarvan die registrasie as 'n bank aldus opgeskort, ingetrek of beëindig is, heeltemal gelikwideer is soos beoog in artikel 419(1) van die Maatskappywet of totdat die likwidasie opgeskort of opgehef word by 'n bevel van 'n bevoegde hof; of

(ii) in die geval van sodanige geregtelike bestuur, totdat die geregtelike bestuursbevel deur 'n bevoegde hof ingetrek word,

voortgaan om hul onderskeie bevoegdhede en pligte kragtens hierdie artikel of ingevolge die Maatskappywet ten opsigte van die publieke maatskappy waarvan die registrasie as 'n bank aldus opgeskort, ingetrek of beëindig is, uit te oefen en te verrig asof sodanige opskorting, intrekking of beëindiging nie plaasgevind het nie.".

**Wysiging van artikel 69 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 8 van Wet 42 van 1992 en artikels 17 en 25 van Wet 9 van 1993**

**43.** Artikel 69 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(a)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* Indien 'n bank na die oordeel van die Registrateur in finansiële moeilikheid verkeer, kan die Minister, as hy dit in die openbare belang wenslik ag, **[na raadpleging met en]** met die skriftelike instemming van die hoof- uitvoerende beampte of die voorsitter van die raad van direkteure van daardie bank, 'n kurator oor die bank aanstel, en daarna is die bepalings van paragrawe *(b)* tot en met *(g)* en *(i)* tot en met *(l)* van artikel 433, en artikels 434(2), 436, 437 en 440, van die Maatskappywet *mutatis mutandis*, vir sover daardie bepalings nie onbestaanbaar met die bepalings van hierdie artikel is nie, ten opsigte van die bank en die kurator van toepassing: Met dien verstande dat by die toepassing van hierdie artikel die bevoegdhede en pligte wat eersgenoemde bepalings onderskeidelik aan die hof, die Meester en die geregtelike bestuurder verleen en hulle oplê, oorgaan op, onderskeidelik, die Minister, die Registrateur en die kurator.";

*(b)* deur paragraaf *(b)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* Die Registrateur **[moet]** kan 'n persoon, uitgesonderd 'n persoon in diens van die bank onder kuratele, wat na die oordeel van die Registrateur wye ervaring het van en oor kundigheid beskik aangaande die bepaalde werkterrein waarby die bank onder kuratele oorwegend betrokke is, aanstel om die kurator by te staan by die bestuur van die sake van die bank onder kuratele."; en

"(5) Notwithstanding anything to the contrary contained in any law, the suspension, cancellation or termination of the registration of a bank while such bank, as a result of an application brought by the Registrar, is being wound up or under judicial management in terms of this section, shall not affect—

*(a)* any order or appointment made, direction issued or any other thing done under this section or in terms of the Companies Act, in respect of such bank; or

*(b)* any power to be exercised, duty to be executed or right to be enforced in respect of such bank by the Registrar, the Master of the Supreme Court or the provisional liquidator, provisional judicial manager, liquidator or judicial manager, respectively, by virtue of the provisions of this section or the provisions of the Companies Act,

and the Registrar, the Master of the Supreme Court, the provisional liquidator, provisional judicial manager, liquidator or judicial manager, respectively, shall—

(i) in the case of such winding-up, until the affairs of the public company of which the registration as a bank has been so suspended, cancelled or terminated have been completely wound up as contemplated in section 419(1) of the Companies Act or until the winding-up is stayed or set aside by an order of a competent court; or

(ii) in the case of such judicial management, until the judicial management order is cancelled by a competent court,

continue to exercise their respective powers and to perform their respective duties under this section or in terms of the Companies Act, in respect of the public company of which the registration as a bank has been so suspended, cancelled or terminated, as if such suspension, cancellation or termination had not taken place.".

**Amendment of section 69 of Act 94 of 1990, as amended by section 8 of Act 42 of 1992 and sections 17 and 25 of Act 9 of 1993**

**43.** Section 69 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(a)* If any bank is in the opinion of the Registrar in financial difficulties, the Minister may, if he deems it desirable in the public interest, **[after consultation with and]** with the written consent of the chief executive officer or the chairman of the board of directors of that bank, appoint a curator to the bank, and thereupon the provisions of paragraphs *(b)* to *(g)*, inclusive, and *(i)* to *(l)*, inclusive, of section 433, and sections 434(2), 436, 437 and 440, of the Companies Act shall apply *mutatis mutandis*, in so far as such provisions are not inconsistent with the provisions of this section, in relation to the bank and to the curator: Provided that for the purposes of this section the powers conferred and the duties imposed by the first-mentioned provisions upon the court, the Master and the judicial manager, respectively, shall devolve upon the Minister, the Registrar and the curator, respectively.";

*(b)* by the substitution for paragraph *(b)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(b)* The Registrar **[shall]** may appoint a person, other than a person who is in the employ of the bank under curatorship, who in the opinion of the Registrar has wide experience of and is knowledgeable about the specific field of activities in which the bank under curatorship is predominantly engaged, to assist the curator in the management of the affairs of the bank under curatorship."; and

*(c)* deur die volgende subartikel by te voeg:

"(8) Ondanks andersluidende wetsbepalings raak die opskorting, intrekking of beëindiging van die registrasie van 'n bank terwyl so 'n bank ingevolge hierdie artikel onder kuratele is nie—

*(a)* enige aanstelling gedoen, voorskrif uitgereik of enigiets anders kragtens hierdie artikel ten opsigte van so 'n bank gedoen nie; of

*(b)* enige bevoegdheid of plig wat uit hoofde van die bepalings van hierdie artikel deur die Minister, die Registrateur of die kurator ten opsigte van daardie bank uitgeoefen of verrig moet word nie,

en die Minister, die Registrateur en die kurator, onderskeidelik, moet, totdat die kuratele beëindig word, voortgaan om kragtens hierdie artikel hul onderskeie bevoegdhede uit te oefen en hul onderskeie pligte te verrig ten opsigte van die publieke maatskappy waarvan die registrasie as 'n bank aldus opgeskort, ingetrek of beëindig is asof sodanige opskorting, intrekking of beëindiging nie plaasgevind het nie.".

**Invoeging van artikel 69A in Wet 94 van 1990**

**44.** Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 69 ingevoeg:

**"Ondersoek van sake van bank onder kuratele**

**69A.** (1) Terwyl 'n bank onder kuratele is, kan die Registrateur 'n persoon aanstel as 'n kommissaris om die besigheid, handel, transaksies, sake of bates en laste van daardie bank of sy geassosieerde of geassosieerdes te ondersoek.

(2) Die Registrateur kan 'n persoon as 'n assistent of twee of meer persone as assistente van die kommissaris bedoel in subartikel (1) aanstel om die kommissaris, onderworpe aan sy beheer en voorskrifte, by te staan by 'n ondersoek beoog in subartikel (1).

(3) Alvorens die Registrateur 'n kommissaris ingevolge subartikel (1) of 'n persoon of persone ingevolge subartikel (2) aanstel, moet hy alle redelike maatreëls tref om seker te maak dat die persoon of persone wat hy aanstel daartoe in staat sal wees om objektief en onbevooroordeeld verslag te doen aangaande die sake van die betrokke bank of van die geassosieerde of geassosieerdes van sodanige bank.

(4) 'n Kommissaris aangestel kragtens subartikel (1) en enige persoon of persone aangestel kragtens subartikel (2) het, vir die doeleindes van hul werksaamhede ingevolge hierdie artikel, bevoegdhede en pligte wat in alle opsigte ooreenstem met die bevoegdhede en pligte deur artikel 4(1), (2), (3), (4) en (6) van die Wet op Inspeksie van Finansiële Instellings, 1984 (Wet No. 38 van 1984 — hieronder in hierdie artikel die Inspeksiewet genoem), aan 'n registrateur of 'n inspekteur bedoel in die Inspeksiewet verleen of hom opgelê: Met dien verstande dat by die toepassing van hierdie artikel—

*(a)* 'n verwysing na 'n 'finansiële instelling' in artikel 4 van die Inspeksiewet geag word 'n verwysing te wees na 'n bank onder kuratele of enige van sy geassosieerdes; en

*(b)* 'n verwysing na 'die registrateur' en "n inspekteur' in artikel 4 van die Inspeksiewet geag word 'n verwysing te wees na, onderskeidelik, die kommissaris en enige persoon kragtens subartikel (2) aangestel.

(5) By die toepassing, met betrekking tot 'n ondersoek kragtens hierdie artikel, van artikel 4 van die Inspeksiewet, word subartikel (2) van daardie artikel geag gewysig te gewees het om soos volg te lui:

'(2) *(a)* Wanneer 'n kommissaris 'n ondersoek van die besigheid, handel, transaksies, sake of bates en laste van 'n bank onder kuratele uitvoer, kan hy 'n persoon wat 'n direkteur, ouditeur, prokureur, waardeerder, agent, dienaar, werknemer, lid, skuldenaar, skuldeiser of aandeelhouer van daardie bank of enige van sy

(*c*) by the addition of the following subsection:

"(8) Notwithstanding anything to the contrary contained in any law, the suspension, cancellation or termination of the registration of a bank while such bank is under curatorship in terms of this section shall not affect—

(*a*) any appointment made, direction issued, or any other thing done under this section in respect of such bank; or

(*b*) any power to be exercised or duty to be executed in respect of that bank under curatorship by the Minister, the Registrar or the curator, by virtue of the provisions of this section,

and the Minister, the Registrar and the curator, respectively, shall until such time as the curatorship is terminated continue to exercise their respective powers and to execute their respective duties under this section in respect of the public company of which the registration as a bank has been so suspended, cancelled or terminated, as if such suspension, cancellation or termination had not taken place.".

**Insertion of section 69A in Act 94 of 1990**

**44.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 69:

**"Investigation of affairs of bank under curatorship**

**69A.** (1) While a bank is under curatorship, the Registrar may appoint a person to be a commissioner for the purpose of investigating the business, trade, dealings, affairs or assets and liabilities of that bank or of its associate or associates.

(2) The Registrar may appoint a person as an assistant or two or more persons as assistants to the commissioner referred to in subsection (1) in order to assist the commissioner, subject to his control and directions, in an investigation contemplated in subsection (1).

(3) Before the Registrar appoints a commissioner in terms of subsection (1) or a person or persons in terms of subsection (2), he shall take all reasonable steps to ensure that the person or persons he appoints will be able to report objectively and impartially on the affairs of the bank concerned or the associate or associates of such bank.

(4) A commissioner appointed under subsection (1) and any person or persons appointed under subsection (2) shall for the purpose of their functions in terms of this section have powers and duties in all respects corresponding to the powers and duties conferred or imposed by section 4(1), (2), (3), (4) and (6) of the Inspection of Financial Institutions Act, 1984 (Act No. 38 of 1984 — hereinafter in this section referred to as the Inspection Act), upon a registrar or an inspector contemplated in the Inspection Act: Provided that for the purposes of this section—

(*a*) any reference to a 'financial institution' in section 4 of the Inspection Act shall be deemed to be a reference to a bank under curatorship or any of its associates; and

(*b*) any reference to 'the registrar' and 'an inspector' in section 4 of the Inspection Act shall be deemed to be a reference to the commissioner and any person appointed under subsection (2), respectively.

(5) In the application, in relation to an investigation under this section, of section 4 of the Inspection Act, subsection (2) of that section shall be deemed to have been amended to read as follows:

'(2) (*a*) In carrying out an investigation into the business, trade, dealings, affairs or assets and liabilities of a bank under curatorship, a commissioner may examine under oath, in relation to such bank or any of its associates, any person who is or formerly was a

geassosieerdes is of voorheen was, of enige persoon wat die kommissaris ag in staat te wees om inligting te verskaf aangaande die besigheid, handel, transaksies, sake of bates en laste van daardie bank of so 'n geassosieerde, onder eed ondervra met betrekking tot so 'n bank of enige van sy geassosieerdes, en die kommissaris kan vir die doel van so 'n ondervraging daardie persoon 'n eed of bevestiging oplê: Met dien verstande dat die persoon wat ondervra word, hetsy onder eed of nie, sy regsadviseur by die ondervraging teenwoordig mag hê.

*(b)* Tensy anders deur die kommissaris gelas, vind die verrigtinge kragtens paragraaf *(a) in camera* plaas en is dit nie vir die publiek toeganklik nie.'.

(6) *(a)* 'n Persoon wat kragtens hierdie artikel deur 'n kommissaris ondervra word, is nie by so 'n ondervraging daarop geregtig om te weier om enige vraag te beantwoord op grond daarvan dat so 'n antwoord hom mag inkrimineer of op grond daarvan dat hy op 'n strafregtelike aanklag verhoor staan te word en by sodanige verhoor deur sy antwoord benadeel kan word nie.

*(b)* Waar 'n persoon ingevolge die bepalings van hierdie artikel getuienis lewer en verplig word om vrae te beantwoord wat hom mag inkrimineer of, in die geval waar hy op 'n strafregtelike aanklag verhoor staan te word, hom by so 'n verhoor mag benadeel, moet die kommissaris gelas, ten opsigte van daardie deel van die verrigtinge, dat geen inligting met betrekking tot sodanige vrae en antwoorde op enige wyse hoegenaamd gepubliseer mag word nie.

*(c)* Geen getuienis betreffende enige vrae en antwoorde beoog in paragraaf *(b)*, en geen getuienis betreffende enige feit of inligting wat aan die lig gekom het na aanleiding van enige sodanige vrae of antwoorde, is toelaatbaar by enige strafregtelike verrigtinge nie, behalwe by strafregtelike verrigtinge waar die betrokke persoon aangekla word van 'n misdryf ingevolge subartikel (14).

(7) Benewens die bevoegdhede by subartikel (4) aan die kommissaris verleen, het die kommissaris vir die doeleindes van die verrigting van sy werksaamhede kragtens hierdie artikel die bevoegdheid om enige persoon wat hy ingevolge die bepalings van subartikel (5) mag ondervra, te dagvaar om voor hom te verskyn.

(8) Indien 'n persoon wat behoorlik gedagvaar is kragtens subartikel (7) en aan wie 'n redelike som vir sy onkoste aangebied is, versuim om op die tyd en plek in die dagvaarding vasgestel voor 'n kommissaris te verskyn, sonder 'n wettige verskoning aan die kommissaris tydens die sitting meegedeel, kan die kommissaris die persoon aldus gedagvaar, gevange laat neem en vir ondervraging voor hom laat bring.

(9) 'n Persoon wat behoorlik kragtens subartikel (7) gedagvaar is, is geregtig op die getuiegelde waarop hy geregtig sou gewees het as hy 'n getuie in 'n siviele geding in 'n landdroshof was.

(10) Die Registrateur is aanspreeklik vir die betaling van die koste en uitgawes meegebring deur 'n ondersoek wat ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel ingestel word, tensy die Registrateur gelas dat die geheel of enige deel van sodanige koste en uitgawes uit die bates van die betrokke bank betaal moet word.

(11) 'n Kommissaris moet binne 'n tydperk van vyf maande vanaf die datum van sy aanstelling sy ondersoek ingevolge subartikel (1) voltooi en moet binne 'n tydperk van 30 dae na voltooiing van sodanige ondersoek 'n skriftelike verslag dienaangaande opstel waarin, onder andere, verklaar moet word of, al dan nie, na die oordeel van die kommissaris—

*(a)* dit in die belang van die deposante of ander krediteure van die betrokke bank is dat die bank onder kuratele bly;

*(b)* dit in die belang van die deposante of ander krediteure van die betrokke bank is dat die Registrateur, ingevolge die bepalings van artikel 68(1)*(a)*, by 'n bevoegde hof aansoek doen om—

(i) die likwidasie van die betrokke bank; of

(ii) 'n bevel waarby die bank onder geregtelike bestuur geplaas word;

director, an auditor, an attorney, a valuator, an agent, a servant, an employee, a member, a debtor, a creditor or a shareholder of that bank or any of its associates, or any person whom the commissioner deems capable of giving information concerning the business, trade, dealings, affairs or assets and liabilities of that bank or such an associate, and the commissioner may administer an oath or affirmation to that person for the purpose of such an examination: Provided that the person examined, whether under oath or not, may have his legal adviser present at the examination.

*(b)* Unless directed otherwise by the commissioner, the proceedings under paragraph *(a)* shall be held *in camera* and not be accessible to the public.'.

(6) *(a)* Any person examined by a commissioner under this section shall not be entitled, at such examination, to refuse to answer any question upon the ground that the answer would tend to incriminate him or upon the ground that he is to be tried on a criminal charge and may be prejudiced at such trial by his answer.

*(b)* Where any person gives evidence in terms of the provisions of this section and is obliged to answer questions that may incriminate him or, where he is to be tried on a criminal charge, may prejudice him at such trial, the commissioner shall direct, in respect of such part of the proceedings, that no information regarding such questions and answers may be published in any manner whatsoever.

*(c)* No evidence regarding any questions and answers contemplated in paragraph *(b)*, and no evidence regarding any fact or information that has come to light in consequence of any such questions or answers, shall be admissible in any criminal proceedings, except in criminal proceedings where the person concerned is charged with an offence in terms of subsection (14).

(7) In addition to the powers conferred upon the commissioner by subsection (4) the commissioner shall for the purpose of the performance of his functions under this section have the power to summon before him any such person as he may examine in terms of the provisions of subsection (5).

(8) If any person who has been duly summoned under subsection (7) and to whom a reasonable sum for his expenses has been tendered, fails to attend before a commissioner at the time and place appointed by the summons without lawful excuse made to the commissioner at the time of the sitting, the commissioner may cause the person so summoned to be apprehended and brought before him for examination.

(9) Any person duly summoned under subsection (7) shall be entitled to such witness fees as he would have been entitled to if he were a witness in civil proceedings in a magistrate's court.

(10) The Registrar shall be liable for payment of the costs and expenses incidental to an investigation held in accordance with the provisions of this section, unless the Registrar directs that the whole or any part of such costs and expenses shall be paid out of the assets of the bank concerned.

(11) A commissioner shall within a period of five months as from the date of his appointment complete his investigation in terms of subsection (1) and shall within a period of 30 days after completion of such investigation prepare a written report thereon, in which, *inter alia*, shall be stated whether or not, in the opinion of the commissioner—

*(a)* it is in the interest of the depositors or other creditors of the bank concerned that the bank remains under curatorship;

*(b)* it is in the interest of the depositors or other creditors of the bank concerned that the Registrar, in terms of the provisions of section 68(1)*(a)*, applies to a competent court for—

(i) the winding-up of the bank concerned; or

(ii) an order placing the bank under judicial management;

(c) dit blyk dat enige besigheid van die bank op 'n roekelose of nalatige wyse of met die opset om deposante of ander krediteure van die betrokke bank of enige ander persoon te bedrieg, of met enige ander bedrieglike oogmerk, gedoen is; en
(d) indien dit sou blyk dat enige besigheid van so 'n bank gedoen is op die wyse beoog in paragraaf *(c)*, enige deur die kommissaris geïdentifiseerde persoon deel gehad het aan die doen van die besigheid van daardie bank op so 'n wyse.

(12) 'n Verslag wat deur 'n kommissaris ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel opgestel is, moet gestuur word aan—
*(a)* die Registrateur;
*(b)* die Minister; en
*(c)* in die geval van 'n bevinding soos beoog in subartikel (11)*(c)* en *(d)*, die betrokke prokureur-generaal.

(13) 'n Ondersoek of verslag deur 'n kommissaris kragtens hierdie artikel is privaat en vertroulik tensy die Registrateur, na oorleg met die Minister, óf in die algemeen óf ten opsigte van enige deel van sodanige ondersoek of verslag anders gelas.

(14) 'n Persoon wat—
*(a)* behoorlik kragtens hierdie artikel deur 'n kommissaris gedagvaar is en wat sonder voldoende rede in gebreke bly om op die in die dagvaarding bepaalde tyd en plek te verskyn;
*(b)* behoorlik kragtens hierdie artikel deur 'n kommissaris gedagvaar is en wat—
  (i) sonder voldoende rede in gebreke bly om teenwoordig te bly totdat hy deur die kommissaris van verdere bywoning onthef word;
  (ii) weier om as getuie beëdig te word of te bevestig; of
  (iii) sonder voldoende rede in gebreke bly—
    *(aa)* om 'n vraag wat wettig deur 'n kommissaris aan hom gestel word, volledig en bevredigend te beantwoord, selfs al sou die antwoord daardie persoon aan strafregtelike vervolging kan blootstel; of
    *(bb)* om boeke of papiere in sy bewaring of onder sy beheer voor te lê waarvan 'n kommissaris die voorlegging deur hom geëis het;
*(c)* opsetlik vals inligting aan die kommissaris verstrek;
*(d)* weier of versuim om na sy beste vermoë te voldoen aan 'n redelike versoek wat deur die kommissaris by die uitoefening van sy bevoegdhede of die verrigting van sy pligte tot hom gerig is;
*(e)* opsetlik die kommissaris by die uitoefening van sy bevoegdhede of die verrigting van sy pligte hinder; of
*(f)* versuim om te voldoen aan enige bepaling van 'n lasgewing deur die kommissaris of die Registrateur, soos in hierdie artikel beoog,
is aan 'n misdryf skuldig.

(15) Die Registrateur moet so spoedig doenlik na die aanstelling van 'n kommissaris, of van 'n persoon of persone kragtens subartikel (2), sodanige aanstelling by kennisgewing in die *Staatskoerant* aankondig.

(16) Die bepalings van artikel 69(8) is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van 'n bank onder kuratele waarvan die registrasie as 'n bank opgeskort, ingetrek of beëindig word terwyl 'n ondersoek kragtens hierdie artikel ten opsigte daarvan aan die gang is.

(17) By die toepassing van subartikel (16) word die verwysing in artikel 69(8) na die Minister en die kurator geag 'n verwysing te wees na onderskeidelik 'n kommissaris en 'n persoon aangestel kragtens subartikel (2).

(18) By die toepassing van hierdie artikel beteken 'geassosieerde' 'n geassosieerde soos omskryf in artikel 37(7).".

*(c)* it appears that any business of such bank was carried on recklessly or negligently or with the intent to defraud depositors or other creditors of the bank concerned or any other person, or for any other fraudulent purpose; and

*(d)* should it appear that any business of such bank was carried on in the manner contemplated in paragraph *(c)*, any person identified by the commissioner was a party to the carrying on of the business of that bank in such manner.

(12) A report by a commissioner completed in accordance with the provisions of this section shall be forwarded to—

*(a)* the Registrar;

*(b)* the Minister; and

*(c)* in the event of a finding contemplated in subsection (11)*(c)* and *(d)*, the attorney-general concerned.

(13) Any investigation or any report by a commissioner under this section shall be private and confidential unless the Registrar, after consultation with the Minister, either generally or in respect of any part of such investigation or such report, directs otherwise.

(14) Any person who—

*(a)* has been duly summoned under this section by a commissioner and who fails, without sufficient cause, to attend at the time and place specified in the summons;

*(b)* has been duly summoned under this section by a commissioner and who—

(i) fails, without sufficient cause, to remain in attendance until excused by the commissioner from further attendance;

(ii) refuses to be sworn or to affirm as a witness; or

(iii) fails, without sufficient cause—

*(aa)* to answer fully and satisfactorily any question lawfully put to him by a commissioner, notwithstanding that such answer may tend to incriminate him; or

*(bb)* to produce books or papers in his custody or under his control which a commissioner has required him to produce;

*(c)* wilfully furnishes the commissioner with any false information;

*(d)* refuses or fails to comply to the best of his ability with any reasonable request made to him by the commissioner in the exercise of his powers or the performance of his duties;

*(e)* wilfully hinders the commissioner in the exercise of his powers or the performance of his duties; or

*(f)* fails to comply with any provision of a direction by the commissioner or the Registrar as contemplated in this section,

shall be guilty of an offence.

(15) The Registrar shall as soon as is practicable after the appointment of a commissioner, or of any person or persons under subsection (2), by notice in the *Gazette*, announce such appointment.

(16) The provisions of section 69(8) shall *mutatis mutandis* apply in respect of a bank under curatorship of which the registration as a bank is suspended, cancelled or terminated while an investigation under this section in respect thereof is in progress.

(17) For the purposes of subsection (16), the reference in section 69(8) to the Minister and the curator shall be deemed to be a reference to a commissioner and any person appointed under subsection (2), respectively.

(18) For the purposes of this section 'associate' means an associate as defined in section 37(7).".

**Wysiging van artikel 70 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 9 van Wet 42 van 1992 en artikels 18 en 25 van Wet 9 van 1993**

**45.** Artikel 70 van die Hoofwet word hierby gewysig—

